plantluise en klein stamboorders, wat op jong groei teer, voorkom.

(c) Beheer miere in die bonsaituin net voor die lente begin, as voorkoming vir die verspreiding van luise wanneer die boompies bot en normaalweg deur plantluise aangeval word.

(d) Bespuit verder soos normaalweg in die seisoen op voorkoms met geskikte middels nadat die insek geidentifiseer is.



HOUERS

DAAN DU TOIT

Die seleksie van 'n pot is 'n belangrike aspek in verband met die estetiese afronding van bonsai. John Naka in *Bonsai Techniques I and II* lê baie duidelik klem op die verskillende apekte van bonsaihouers en kan gerus nageslaan word vir verdere inligting.

Die pot moet die boom komplimenteer in terme van kleur, tipe, vorm en grootte sonder om die aandag van die boom af te trek.

Daar word 'n verskil gemaak tussen houers vir ontwikkeling van bome en houers vir reeds ontwikkelde bome. In eersgenoemde geval is die houer aansienlik groter as die houer wat gebruik sal word as die finale houer. Daar word ook na hierdie houers verwys as groeipotte.

In die algemeen behoort die diepte van die finale houer ongeveer so diep te wees as die dikte van die stam. Die lengte van die houer moet effens meer wees as tweederdes van die stamhoogte. Die breedte van die houer moet 'n bietjie smaller as die spanwydte van die langste takke aan beide kante van die boom wees.

Akasias het 'n penwortel wat sterk ontwikkel in die natuur. Wanneer hierdie penwortel verwyder word, ontwikkel sterk sywortels. Omdat Akasias redelik sterk groei, vereis hul ook meer grond. Trouens die meeste *Acacia*-spesies aard gladnie in klein vlak houers nie. In die